# DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

**8 Februarie 2026**

## Gasvryheids-bediening

Kom drink gerus vandag na die erediens tee/koffie in Kosmos, in die kerksaal.
Met dank aan Elisma Lotz en span.


**BORG**

**van die maand**

**FEATHER DUSTERS Helderberg**

**Johan Bruwer**

**084 871 0138**



johan@fdusters.co.za


## Gebedsonderwerpe

- Bid vir die Truth2Kidskamp vir kinders uit moeilike omstandighede wat vir 27 Feb tot 1 Maart beplan word. Bid vir genoeg borgskappe sodat daar weer 55 kinders kan saamgaan.
- Die werk van die Madlanga Kommissie wat polisiekorrupsie en georganiseerde misdaad moet ondersoek. Bid dat die werk van die kommissie 'n beduidende tree vorentoe sal wees in die stryd teen korrupsie en georganiseerde misdaad.
- Volgens Geopende Deure is 14 van die top 50 lande waar Christene ernstige vervolging beleef, in sub-Sahara Afrika. Tree in vir vrede, geregtigheid en herstel in hierdie lande wat verskeur word deur oorlog en geweld.
- Bid vir geskikte en bekwame persone om op die Bestuurskomitee van Huis Marie Louw te dien. ***Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com***

## FEB se deurkollektes

01 Feb: Sin: Zim Mal Mosb – R1 757
08 Feb: Caritas
15 Feb: Projekte 2026
22 Feb: Gemeentebediening

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 29 Januarie om 10:00

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan
Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**
Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## NAGMAAL 09:00

Hartlik welkom by die erediens.
Vanoggend se skriflesing is uit Jakobus 5:7-11. Jou lewe kan soms baie ongerieflik wees weens gesondheid of ander faktore waarvan mense ook die oorsaak kan wees. Dit kan ook gebeur dat jy die rede is of was vir ander se ongerief.
Te midde van hierdie ongerief herinner Jakobus jou hoe nodig geduld en volharding is. Gebruik die geleentheid vanoggend om voor God stil te word.
Laat Hy jou lei in jou ongeduld en laat Hy jou bemoedig om te volhard in jou geloof.

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 08:45 beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
11/02: Patmos.
**Aande: weekliks**
11/02: Patmos.

## Gebedsgroep

### Woensdae

Die volgende geleentheid is op **18/2** in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Sharon se ma Katriena,** hartversaking.
- **Sharon se man Joey,** broos.
- **Tannie Johanna Bestbier** se familie, met haar afsterwe op 6/12/2025.
- **Klaas Holtzhausen,** behandeling.
- **Suzette Posthumus,** knie-vervanging 11/2.
- **Beatrix Lourens,** behandeling.
- **Elmaré Rankin,** skoueroperasie.
- **Marcel Malan,** behandeling.
- **Obie van Niekerk,** behandeling.
- **Christo Meyer,** herstel na hospitalisasie.
- **Dawie Rossouw,** behandeling.
- **Stephan Janse van Rensburg,** chemoterapie.
- **Corrie Swanepoel,** broos.
- **Chellé vd Merwe**, broos.
- **Kobus Blaauw**, broos.
- **Muggie Rossouw**, broos.



*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

# Manne Reisgesprek Vrydagoggende

## 13 Februarie 2026

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

Die Bestuursgroep het op 26 Jan vergader en die behoefte is uitgespreek om vir die Here dankie te sê vir die gemeente se gesonde finansiële stand van sake en vir al die dankoffers en geloofsoffers wat so getrou inkom vir die bestuur van die gemeente se projekte. Hierdie fondse stel ook vir Caritas (die gemeente se diens van barmhartigheid) in staat om hul werksaamhede voort te sit onder hulpbehoewende en minder bevoorregte gemeentelede.

Roelf du Plooy het aangedui dat hy as Voorsitter van Finansies bereid is om tot na die oudit vir die 2025/26 finansiële jaar, wat in Mei afgehandel sal wees, aan te bly. Enige belangstellende gemeentelede wat bereid is om behulpsaam te wees met die gemeente se finansies, onder andere die magtiging van betalings elke Vrydag, maandelikse bywoning en verslagdoening van finansiële state by Bestuursgroepvergaderings, en kwartaalliks tydens kerkraadsvergaderings, asook die opstel van die gemeente se begroting, kan asb. die kerkkantoor skakel.

Oom Willie Theron, die gemeente se webmeester, het ook aangedui dat hy mettertyd van sy portefeulje wil afstand doen. Baie dankie aan Willie Pretorius wat aangemeld het.

## Nuwe Intrekkerstee

Alle nuwe intrekkers word genooi om vandag direk na die erediens in Patmos in die kerksaal bymekaar te kom vir 'n koppie tee en melktert, waartydens Ds Willem 'n Powerpoint aanbieding sal doen van die gemeente se aksies en bedrywighede. Dit behoort nie langer as 30 minute te duur nie.

# Kategese

## 8 Februarie 2026

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool:** Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.*

### Groei-goggas: Ons gaan winkel toe

Die kleuters gaan verskillende kleure lekkers "koop" in ons "speel-speel" winkel en dan gaan Tannie Rona **die Goeie nuus van Jesus** met behulp van die kleure aan die kleuters verduidelik en asof dit nie genoeg is nie, gaan die kleuters die kleure van ons landsvlag ook leer en weer **die Goeie nuus van Jesus** hoor dat dit Hy is wat ons red van sonde as ons in Hom glo.

Handelinge 16:31 **"… Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word,…"**

***Graad 1-6:** Tydens die erediens in die kerksaal.*

### My blink ID: My naam in Sy handpalms

Om **name** van mense te onthou is belangrik. Ek weet dit, maar om een of ander rede is die **onthou van name** een van die moeilikse dinge vir my om reg te kry.



So in die stilligheid is ek bly om te weet dat God **my En jou naam** op Sy handpalm in gegrafeer het, …so asof ons alwetende God ook "kripnotes" nodig het. Hoekom skryf God **ons name** op Sy handpalms? Dit is waaroor ons Sondag gaan praat.

Jesaja 49:16 "…**Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in my handpalms..**"

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)

Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)

Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)




Die **Truth2kids** projek beplan weer ons jaarlikse kamp vir Gr.4-6 kinders uit ons Bybelklubs vir die naweek van 27 Feb -1 Mrt by die VCSV kampterrein op Kleinmond. Ons wil graag weer 55 kinders saamneem, maar baie van die kinders kom uit moeilike omstandighede en kan nie die volle bedrag betaal nie. Ons sal dit dus baie waardeer indien daar persone is wat kans sien om 'n kind teen R500 of enige bedrag te borg. Verder sal ons ook enige skenkings van bv. beskuit, koekies, koeldrank, langlewe melk, blikkies tuna of 'n boks paaseiers, baie waardeer.

Skenkings kan by die kerkkantoor afgegee word voor **<u>23/2/2026</u>** (Merk asb. Truth2kids). Kontak gerus vir Antoinette Erasmus by 072 380 9205. Finansiële bydraes kan inbetaal word by: Helderberg Uitreik; ABSA; Rek nr: 9114483080; Takkode 632005; Verwysing: Truth2kids

HML HUIS MARIE LOUW

## UITNODIGING TOT GEMEENSKAPSDIENS

*ACVV Huis Marie Louw – Sorgfasiliteit & Leefreg Skema*

ACVV Huis Marie Louw nooi toegewyde gemeentelede uit om deur diens op die Bestuurskomitee 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die sorg en welsyn van ouer persone.

Die Bestuurskomitee ondersteun die dagbestuur en dra by tot die volhoubare bestuur van die fasiliteit. Dit is 'n vrywillige posisie (geen vergoeding).

**KUNDIGHEID WAT BENODIG WORD:**
Personeelbestuur, bemarking, fondsinsameling, leefreg-bestuur, fasiliteit-onderhoud, en/of regs-en kontrak kennis.

Indien u geroepe voel om betrokke te raak, hoor ons graag van u.

**KONTAK:**
**Nico Claassen (Voorsitter) – 082 881 9070 I claassen.consult@gmail.com**

***SAAM KAN ONS 'N VERSKIL MAAK.***

bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

**Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is 'n maatskappy sonder winsoogmerk wat sedert 1820 die Bybel vertaal, publiseer en versprei in Suid-Afrika. Die missie van die BSA is om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.** Daar is tans 'n vakante pos as **Verhoudingsleier.** Die Verhoudingsleier is verantwoordelik om die BSA se strategie in die spesifieke streek te dryf om te verseker dat volhoubare verhoudings gebou word met donateurs, kerkgenootskappe en Christelike organisasies in die streek. Die posbekleër sal in samewerking met alle kerkgenootskappe Bybelverspreiding in die streek fasiliteer. Daar word van die posbekleër verwag om innoverende fondsinsamelingsinisiatiewe te ontwikkel en daarby betrokke te wees, sodat die BSA effektief bemark word om ondersteuning en befondsing van sleuteldonateurs te verkry om die Bybel beskikbaar te stel. Die posbekleër sal ook verantwoordelik wees vir die bestuur en evaluering van die streek se personeel, asook vir die bestuur van streekkomitees. Die monitering en uitbreiding van die donateursbasis vorm ook deel van hierdie rol.

**Vereistes:**

- Relevante teologiese kwalifikasie (verkieslik 'n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk)
- Handhawing van die belydenis dat die Bybel die Woord van God is.
- Ervaring in besigheid sal voordelig wees
- Begrip en kennis van kerklike omgewing en gemeenskap
- Kennis en ervaring van fondsinsameling en bemarkingsmetodes

Deur vir hierdie posisie aansoek te doen en jou CV in te dien, bevestig jy dat jy jou persoonlike inligting vrywillig verskaf het en dat die inligting volledig, akkuraat en op datum is, in ooreenstemming met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (POPIA).

**Aansoeke sluit op 9 Maart 2026**

Indien jy teen 17 **Maart 2026** niks van ons gehoor het nie, beskou asseblief jou aansoek as onsuksesvol.

Stuur aan hr.bssa@biblesociety.co.za




# Kom ons bid saam

Hemelse Vader, ons nader U vandag as die Skepper wat die natuurwette daargestel het, in die volle besef dat ons hele lewe in u hande is. Ons bely ons volledige afhanklikheid van U, want U alleen is die bron van alle goeie dinge en U weet reeds wat ons nodig het nog voordat ons dit vra.

Here, ons verootmoedig ons voor U in hierdie tyd van nood. Ons vra vandag vir die genade om altyd goeie rentmeesters te wees van die gawes wat U aan ons toevertrou. Help ons om ons opnuut te verbind tot die verantwoordelike gebruik van alle hulpbronne - veral die kosbare water - wat U aan ons voorsien. Gee ons die wysheid om met eerbied en sorg om te gaan met die skepping wat U aan ons sorg toevertrou het.

Ons bring die **Wes- en Suid-Kaap** spesifiek voor U, waar die **droogte** diep spore sny en ons boere en diere swaarkry onder die hitte. Ons pleit by U vir uitkoms en vir die nodige reën, nie net vir hierdie streke nie, maar vir die res van ons land. Mag u seën oor elke veld en dorp sak sodat daar hoop en herstel kan wees. Ons plaas ons vertroue op u sorg vir hierdie jaar en die verre toekoms, wetende dat U ons daaglikse afhanklikheid raaksien.

Hemelse Vader, ons kom ook vandag na U toe met swaar harte oor die **bek-en-klouseer** uitbreking en bedreiging. U sien elke boer se bekommernis, elke slapelose nag, en elke traan wat stil-stil val oor hulle diere en hulle werk. Ons vra vir U genade, beskerming en uitkoms vir elke plaas wat geraak word. Gee wysheid aan die boere en aan almal wat help om oplossings te vind. Gee krag waar daar moedeloosheid is, vrede waar daar vrees is en hoop waar daar onsekerheid is.

Herinner hulle, Here, dat hulle nie alleen staan nie, dat U hulle sien, hulle hoor en dat U genade elke dag nuut is. Seën die werk van hulle hande, dra hulle deur hierdie storm en laat lig weer deurbreek oor hulle toekoms.
Here, ons bring die plase van Suid-Afrika voor U. Ons vra dat U U hand van beskerming sal uitsteek oor die beeste, oor die lande, oor die families wat daarvan leef.

Ons vertrou dit alles aan U toe in geloof en oorgawe.
Amen.